# STROOM-OP

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL
AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL
Eerste Kwartaal 1993


# Affie Stem dwing skare op aandag

## — SA se top atletiekskool —

— Mev T le Roux — Mnr H Kotze —

**Verwonderd en onseker het Pilditch op aandag gekom toe die Affies "Die Stem" aanhef. Eers onseker of hul wel reg hoor, het die atlete en toeskouers in hul spore vasgeskop en op aandag gekom. Die afsitterspistool het nog 'n wyle in die lug gehuiwer... 'n verspringer het in die sandput tot stilstand gekom... en almal het trots op aandag geluister.**

Hierdie stem van die toekoms, die Affie-manne stem, het weer eens bewys dat lojaliteit en integriteit nie gekoop kan word nie, maar 'n lewenswyse is.

Vanuit die staanspoor het Affies gewys dat die spreekwoord — goed begin, is half gewin, waar is. Hul wen die gesogte Geestrofee en die lewendige, improvisirende dirigente steel almal se harte en wen dan ook die Trofee vir die Beste Dirigente. Hierdie geesdriftige ondersteuners spoor ons skitterende atlete dan ook aan om as wenners uit die stryd te tree!

Die seunstotaal 'n 463 met Waterkloof 'n volle 60 punte minder in die tweede plek en Zwartkop met 359 in die derde plek, Menlopark vierde met 315.

Die 23 eersteplekke; 17 tweede; 10 derde; 6 vierde; vyfde en agste; die 4 sesde en 9 sewende plekke het 'n stewige grondslag vir die weghol oorwinning gelê. Die Affies is trots op die atlete en ook dankbaar teenoor dié wie nie die Interhoërspan gehaal het, maar steeds diepte en hul aanmoedigende ondersteuning aan die gekose atlete gegee het. (Uitslae: p 11 en 12)



# 'n Naelbytstryd soos min

— Dr P Edwards, mnr H Kotze —

**Die 1993 Direkteurstrofeefinaal by Olimpiapark te Rustenburg. Dit het elke Affie-atleet, onderwyser en ondersteuner se senuwees op hol gehad. Selfs die geheelonthouers (mnr Le Roux) het op 'n stadium gesmag na 'n versterkinkie. As die groot wiskundiges (Kriek en Du Plessis) se sommetjies hulle net nie so in die steek gelaat het nie, sou almal ook meer kon ontspan...**

Met die eerste puntelesing om 10:30 was Affies in die vierde plek na Potch Gim., Hugenote en Waterkloof. Skielik hoop ons vir 'n tweede plek.

Om 12:15 word die volgende puntestand gelees. Groot was die verligting, want toe is Affies darem in die derde plek. (Potch Gim 99, Jeugland 77, Affies 75 en Pietersburg 74). Na middagete om 13:00 is weer 'n paar uitslae verwerk en is die puntestand soos volg: Potch Gim 129, Affies 126 en Waterkloof 122. Groot was die verbasing. Skielik begin almal weer hoop, want baie van die Affie-sterre moes nog op die baan aantree. "Ons kan wen vandag", daardie gedagte het al die beseerdes en siekes "gesond" laat word en elke atleet het meer as sy beste gegee. 'n Beseerde Christiaan van der Watt en Servaas Britz het baie beïndruk met hulle tipiese Affie-dryfkrag. Selfs een van die reserwes soos Wynand Schoeman wie tien minute voor die wedloop gehoor het hy moet hardloop, het besef dat elke punt was nodig en het derde geëindig.

Die gedagte dat Affies vir die derde agtereenvolgende keer die Direk- (Vervolg p 11)



**Voor:** *Johan Steenkamp, Servaas Britz, Graham Esterhuizen (kaptein), Ben Moodie o/kaptein), Riaan Olckers, Cornel Els.* **Middel:** *Hennie Botha, Francois Strydom.* **Agter:** *Christiaan van der Watt, Theo van Wyk, Michael Maritz, Richard Butler, Albert van Niekerk, Dirkie Strydom, Gerhardt Möller en Werner Booysen.*

# Affies groet Anthia

**Dis voorwaar 'n hartseer dag vir Affies, aangesien ons vandag moet afskeid neem van een van ons topatlete, Anthia Cronjé. Dié talentvolle 17-jarige wat 3 goue medaljes op Interhoër ingepalm het, het besluit om na Waterkloof Hoërskool toe te gaan. Stroom-op is 'n onderhoud toegestaan op 'n warm somersmiddag tussen hekkies en "sprints". Ons het gaan uitvind waarom sy hierdie drastiese stap gaan neem.**



**S-O: Wat is jou beste prestasies tot op hede?**

— My drie goue medaljes op Interhoër en 2 goue en 1 silwer medalje op die Direkteurstrofee Finaal. Ek het ook die afgelope 2 jaar Noord-Transvaal by die Jnr SA-kampioenskappe verteenwoordig.

**S-O: Dis 'n mondvol! Soos ons almal weet is die nuus dat jy Waterkloof toe gaan 'n taamlik skok. Het die feit dat hulle hele o/17-span gesamentlik swakker as jy presteer het, 'n invloed gehad?**

— Nee, dit was eintlik nie die grootste faktor nie. My afrigter is nou by Waterkloof en dit sal sake aansienlik vergemaklik indien ek daar skoolgaan. Aangesien ek reeds saam met haar oefen, het ek ook al hegte vriendskapsbande daar begin smee. Die seunsfaktor het natuurlik ook bygedra...

**S-O: Julle woon baie ver van Affies — en nog verder van Waterkloof. Hoe gaan jy hierdie probleem oorkom?**

— Gelukkig was Dr Bekker baie behulpsaam daarmee en is vervoerprobleme nou iets van die verlede.

**S-O: Wat omtrent die feit dat jy prefekskap aangebied is?**

— Doen altyd wat reg is, en moenie beïnvloed word deur wat ander sê of doen nie. Uiteindelik kan net jou besluite jou lewe verander!

Stroom-op en Affies Vervolg op die agterblad.

# Jinty Muller

— Melanie Riding

**Ons het toe al die tyd 'n absoluut unieke sportvrou in ons midde.**

Jinty Muller, wat tans in standerd 7 is, is gekies vir die Suid-Afrikaanse junior en senior kegelbalspan. Sy het reeds teen 'n span vanuit Australië deelgeneem. Albei hierdie aspekte is wonderlik as 'n mens in ag neem dat sy maar nog net 3 jaar aan hierdie interessante sportsoort deelneem.

Hierdie vriendelike jonge dame is egter ook 'n entoesiastiese deelnemer op ander gebiede. Sy het verlede jaar, as standerd ses-"Hokkiebokkie" in die blou span gespeel.

Hierdie jaar het sy al vele redenasies suksesvol gelewer — die junior-tweetaligheidspan waarvan sy deel was het 'n A+ behaal. Sy neem ook deel aan die Afrikaanse redenaars en die Afrikaanse toneel.

Jinty, baie geluk met 'n puik prestasie! Ons weet dat jy met jou unieke entoesiasme nog groot hoogtes sal bereik.



# Talent uitvermoë seëvier

**Affie seuns het op 27 Maart 1993 geskiedenis gemaak deur die Sasol Suid-Afrikaanse Hoërskole spankampioenskappe vir die eerste keer te wen.**


Dit was voorwaar 'n uitstekende prestasie as in ag geneem word dat die vyftien beste spanne in die land asook 'n span uit Namibië deelgeneem het. Elke atleet het werklik sy heel beste gelewer en die doelwitte wat vir hulle gestel is, bereik of selfs verbeter.

Die beste individuele prestasie wat behaal is, was Francois Strydom wat in die 1500m hindernis 1040 punte op die Sasoltabel verdien het, met 'n pragtyd van 4:17,87 sek.


Die uitslag van die spankompetisie: 1e Affies 19445 (883 gem. per atleet); 2e Potchefstroom (Vervolg p 11)

## LEES BINNE:



P 9



P 5



P 12

# *Mej Valentynkompetisie 1993*



*Voorwaar 'n glansryke aand!*

— **Ria Potgieter**

**Baie mense dink dat skoonheidskompetisies net vir skoonhede bedoel is — en hulle is doodreg. Wat hulle egter nie moet vergeet nie, is dat dit ook vir ons 'n geleentheid is om hierdie meisies te bewonder. Die Mej Valentynskompetisie 1993 was so 'n geleentheid.**


Twaalf finaliste is vooraf gekeur. Voor die groot aand is 'n magdom reëlings getref. Ek twyfel of enige st 9 ooit weer met minagting na die oneindige versameling essensiële detail tydens die organisasie van van so 'n funksie sal verwys. Na 'n laaste geskarrel was almal gereed vir die aand — en die kroning van Affieland se Mej Valentyn.

Beoordelaars moes met die keuring al begin mooi dink, maar dit was op 11 Februarie om 19h00 dat hulle behoorlik moes kopkrap. Eers is die meisies voorgestel. (Sekere mense in die gehoor het toe al op hulle gunstelinge besluit.)

Die finaliste het hulle treë en draaie op die verhoog gemaak in sportdrag en semi-formele drag. Die era van stilswyende skoonhede is natuurlik verby en elkeen kon haar mening, in antwoord op mev van Vuuren se vraag, lug. Daarna het hulle die gehoor na hulle asems laat snak in hulle formele drag.

Die spanning het bly opbou want 'n keuse moes gemaak word. Die kring het nouer geword toe vyf meisies aangekondig is. Net voor die afwagting onuithoudbaar kon word, is Susan de Bruin as die twee prinses en Wenette Jacobs as die eerste prinses aangewys. En die waardige Mej Valentyn? Erine Roode!

Namens die st neges bedank ons graag die borge wat hierdie kompetisie vir die deelnemers baie beslis die moeite gemaak het. Baie geluk aan al die beelskone Affies!




# Waterkloof se skoollied

— **Verwerking deur die st 8's**

**(met apologie aan Wippie en Snippie)**



*Affies en Parkies loer*
*uit by 'n gaatjie*
*Hier's vir jul 'n dollar*
*dan word jul ons*
*maatjie!*

° ° °

*Respons:*
*Nee dankie, ou Klofie,*
*ons is nie te kopie!*
*Kyk daar hoe hol*
*ons atleet in daai*
*lopie!*

° ° °

*Affies en Parkies ons*
*vra julle weer*
*Hoe lyk dit met nog 'n*
*paar dollars meer?*

*Respons:*
*Nee dankie, ou Klofie,*
*jul is tog te dorstig*
*Jul sien nou jul kan ons*
*nie bekostig!*


## *Hoekie vir Eensames*

**Stroom-op het onlangs verneem dat daar 'n behoefte aan 'n rubriek vir al die ongetroudes in Meisieshoër (waarvan daar ongeveer 720 is) bestaan. Hierdie kwartaal se rubriek konsentreer op 'n paar meer volwasse mans.**

● *Eerstens het ons 'n kultuurfanatikus in die Stötsteater opgespoor. Die volgende het uit sy antwoorde geblyk: hy is baie ryk (teaterkaartjies is nie goedkoop nie); hy bestuur 'n Mercedes 500 SE (sommer so terloops genoem!) en sy paleisie is in Waterkloof, waar hy 'n huishoudster het wat sorg dat hy nie van ellende vergaan nie.*

● *Vervolgens het ons ondesoekbeampte 'n rugbygeesdriftige op Loftus gevind. Genoemde geesdriftige is 'n vurige Bloubulondersteuner, hy hou nie van Naas as die bloues verloor nie en sy humeur is soos petrol — hoogs ontvlambaar!*

*Hy koop minstens een versamelaarsitem per seisoen, soos bierbekers, dasse en baadjies.*



*Indien jy aan die slaap geraak het, het jy nog nie die regte man gevind nie! Hou gerus die volgende Stroom-Op dop!*

# Die "sports" voor die sport




## Tukstalent kan Toor!

— **Therese Westhof**

**Die dag na Interhoër — 'n feesdag vir die manlike Affies en 'n "akademiese" dag vir die skoner geslag. Dis altans wat ons verwag het.**

Groot (en aangenaam) was ons verbasing toe mej Venter die verhoog deel met 'n versameling slaginstrumente. Sou die Interhoërsonsteek veroorsaak het dat ons op 'n Johannes Kerkorrelkomposisie vergas gaan word?

Tot aan die einde van die saalperiode moes ons in spanning wag. Die resultaat? Tuks se slaginstrumentgroep het kom besoek aflê. Was ons nie DANKBAAR nie! Niemand het kans gesien vir Wiskunde en Skeinat na 'n dag in die son en 'n Seunshoërsokkie nie.

Klassieke musiek het 'n nuwe diepte gekry as 'n mens in ag neem dat jou dubbelperiode "By Fakkellig" net mooi gehalveer word! Die towerkrag van musiek is bewys deur die eens vuurhoutjies-kan-nie-my-oë-oophou-nie-meisies se reaksies: "Oe ... Alwyn speel so mooi klavier!" en "Gerolf is 'n absolute wonderwerk op sy tromme ..." (Wat aandag betref kon selfs nie eens die besoekende Boys'High en Seuns Hoërmusiekleerlinge by Gerolf kersvashou nie!)

Almal kon natuurlik die voorsitster van ons nuutgestigte musiekvereniging verwurg toe sy aan die einde van die program doodluiters aankondig dat die musikante en musiekleerlinge na saal verversings kan kom geniet. Wie't gesê ons was nie ook dors nie?!

Na 'n op en wakker saalperiode soos min, was daar weer 'n ritmiese wip in elke Affie se stappie. Dankie, Musiekvereniging, vir 'n puik oggend. As julle so aanhou, word julle dalk nog die grootste (en bekendste) vereniging in die skool!

# Alle paaie lei na Affies — St 6-konsert

— **Hanlie du Plessis**

**20 Januarie was 'n dag vir verrassings. Die uiters onpopulêre "toeriste" het ons verstom met nie net 'n Groentjiekonsert nie, maar 'n volwaardige revue!**

Almal het met verbasing gekyk hoe nuwe toneeltalent hul verskyning gemaak het. Oë is geknip net om seker te maak dit is regtig die st sesse wat op die verhoog staan.



Die opwindende verhaal begin aan die einde van st vyf, waar elkeen sy nuwe skool moet kies. Ons vier toerissies besef dat nie Parkies of Klofies die antwoord vir 'n gelukkige hoërskoolloopbaan is nie. Hulle weet dan ongelukkig nog nie wat die antwoord is nie.

Hier begin die reis, waar hulle op hul unieke manier ons deur oa Brittanje en Droomland in hul soektog an Utopia (= Affieland!) neem. Hulle kom van singende koninginne met dansende lyfwagte tot grusame hekse teë.

Na baie vlugte (geborg deur SAL), bevind hulle hul in Affieland, die enigste tuiste vir ontnugterde st sesse met hope matrieks wat vir hulle sorg.

Die konsert het geëindig met 'n grande finale waarin al die st sesse gesing en uitstekende gesinchroniseerde bewegings uitgevoer het. (Die st sesvoogprefekte agter in die saal was net so goed! DV)



'n Spesiale woord van gelukwensing aan die prefekte met hierdie uitstekende produksie. Hulle harde werk agter die skerms het inderdaad vrugte afgewerp en ons almal verbysterd gelaat.

"Konsert" '93 het bewys dat hierdie jaar se st sesse nie onervare, verskimmelde groentjies is nie, maar dat hul die leuse "Ek sien haar wen" werd is!




## Redaksie '93:

**Redakteur:** Marelie du Plessis.
**Kultuurredakteur:** Franél le Grange.
**Sportredakteur:** Marga van der Merwe.
**Verslaggewers:** Hanlie du Plessis, Wenette Jacobs, Annelet Jordaan, Karin Jordaan, Elmien Kraamwinkel, Ria Potgieter, Melanie Riding, Jacoba Schutte, Therese Westhof.
**Spotprentredakteur:** Annelene Kammer.
**Fotograwe:** Karin Zeeman (hooffotograaf), Nadine Bober, Leani de Kock, Marleen Zarrabi.

## Affies behou bande met oud-Affies



**Tydens die skool se verjaarsdag het oud-onderwysers en oud-hoofde saam met die Afrikaanse Hoër Seunskool hul 73 jare gevier.**

*VOOR: Mnr Nico Visser (leerling: 1920 — 1924); mnr F van der Westhuizen (onderwyser: 1952 — 1979); dr P Edwards (oud-leerling en hoof); mev An van Tonder (personeel: 1949 — ); mnr JDV Terblanche (oud-hoof, voormalige DG van Onderwys); mev D Terblanche; dr GJ Potgieter (oud-hoof (1948 — 1963); mnr AJW Uys (1949 — 1978); mnr AP Bezuidenhout (personeel: 1949 — 1984).*

# AFFIES HET 'N WENRESEP

**Tydens Affies se 73ste herdenking van die skool se bestaan het mnr J D V Terblanche, gerespekteerde oud-hoof en voormalige Direkteur van Onderwys en Superintendent-Generaal weer sy pad oopgetrap in elke Affie-hart met sy welsprekendheid. Sy liefde vir ons Affies bring altyd 'n warm gevoel in die hart vir hierdie dinamiese Affie-vriend.**

Mnr Terblanche het die skool gelukwens met die pragtige matriekuitslae van 1992 wat 'n wonderlike verjaarsdaggeskenk is. Hy wys ook daarop dat dit andermaal Affies as akademiese opvoedingsbron beklemtoon het en die onus op die leerlinge berus om op dié fondament voort te bou.

Affies het 'n wenresep en vyf van die bestandele was die hooftema van die toespraak.

**Die vermoë om te kompeteer**

Om te kompeteer moet jy goed genoeg wees om te wen, en meer nog, jy moet so gewoond aan wen wees, dat jy altyd nederig en dankbaar bly. En as jy verloor, soos 'n man verloor.

**Veggees**

Affies se veggees dra hom deur!

**Vastigheid**

"Affiemanne is vas, beginselvas, met hul voete vas op die aarde en hul het integriteit en is betroubaar." Jy kan met hul oorlog toe gaan en al sal hul onortodoks veg, sal jy die oorlog wen. Omdat hulle manne is wat vas is, hoef hulle nie blink of lawwe dinge te doen om hulself te bewys nie.

**Verdraagsaamheid**

Dit maak nie by Affies saak wie se kind jy is nie. Wat jy is en hoe jy is, is belangrik. Affies het plek vir almal wat sy ideale omskryf.


Affies en Boys High kom baie goed klaar, hulle het wedersydse respek teenoor mekaar en verdraagsaamheid vir mekaar se tradisies.

**Vriendskap: Affievriendskap**

**Affievriende is lewenslange vriende en ware Affies staan deur dik en dun en in lief en leed bymekaar.**

Mnr Terblanche wys ook weer op die voorreg van Affie wees en dat elkeen belangrik is, nie net die prefekte, akademiese, kulturele en sportsterre nie. Almal! — ook die gewone ou, die sterre in die wedstryd van die lewe, die sout van die aarde, sal van 1993 weer 'n wenjaar maak, 'n fees, 'n Affie-fees!

# Aartjie na die vaartjie?



*Dr Pierre Edwards, hoof en oud-Affie, staan tussen die Affies wie se oupas, pa's en broers al spore in Affies getrap het.*



*Prof Gert Potgieter ontvang die tradisionele balk van Richard Butler (hoofseun), tydens die skool se verjaarsdag.*




*Tant An word nog 'n jaar "jonger" by Affies*

*Juffrou R Joubert kuier by dr Edwards om hom meer te vertel van haar pa, genl Jan Joubert, die stigter van Affies*



**Foto: Hendrik vd Berg**

# Affies reik uit...



*Richard Butler by kinders van die Louis Botha Tehuis vir Kinders.*

Affies het 'n projek geloods om aan die kinders, wie nie die voorreg het om in hul ouerhuis groot te word, vreugde te verskaf.

Affie-ouers en leerlinge het hul harte oopgemaak. Ons beplan om voort te gaan met ons uitreikprojek! Die Affies het nog altyd geglo: om van jouself te gee dan eers het 'n mens werklik gegee!





**Foto's: W Dyer**

# Standerdraad

**— Cornel Stander**

**Soos die naam aandui, is hierdie 'n raad, waar verteenwoordigers van die verskeie standerds 'n kans kry, om probleme in die skool te identifiseer, 'n nuwe idees uit te lig, en 'n direkte spreekbuis tussen die leerlinge en die hoof te wees.**

Die Standerdraad is in verskeie portefeuljes ingedeel naamlik, akademie, kultuur, sport, sosiaal, geboue en terrein, dissipline, badkamers, koshuis en sekuriteit. Elk van hierdie afdelings word beman deur twee prefekte, en een verteenwoordiger uit elke standerd. Die Standerdraad poog dus om elke leerling se belange op die hart te dra, om sodoende die Affiemasjien nog gladder te laat loop.

Die Standerdraad se korttermyn-doelstellings is om die skool verder te verfraai; op die kinderhuisprojek voort te bou en verskeie fondsinsamelings te loods. Op die langtermyn beoog hulle om Affies se hoë standaarde te handhaaf en waar moontlik, selfs te verbeter.

# KOOR

**Wat?** Koorkamp
**Waar?** Kamp Reynard 20°36' Noordoos van Pretoria.
**Wanneer?** 19 — 21 Februarie
**Doel?** Gestruktureerde oefenpatrone te vestig. Koordissipline inskerp.
**Dank aan?** Stafhoof Brandwurm du Plessis; Propagandaleier Dyer; Kokke: E Botha, J Ferreira; Ontspanning- en rekreasiehoof, juf Van Loggerenberg; Kappelaan Pierre Lombaard vir Diens op koppie.

# Oud-Affie van die Kwartaal
## — Kokkie Erasmus —

**Mnr Johannes Jacobus (Kokkie) Erasmus (gebore 25 November 1949) is vanaf 1963 tot 1967 'n Affie met wie veral op sportgebied deeglik rekening gehou moes word.**

Hy speel tennis en krieket vir die o/15A en tweede spanne (soms vir die eerste span). In sy matriekjaar was hy die skool se 880 "treë" en een "myl" kampioen en 'n Noord-Transvaal A-bonde atleet by die Interbond Atletiekbyeenkoms. In standerd ses swem hy ook in die swemspan. Vanaf standerd agt tot in matriek draf hy ook uit vir die Pepsi-rugbyspan teen die Galpille en het selfs 'n paar goeie drieë gedruk.

Kokkie het die BA-graad (1976), BA-Honns Sielkunde (1978) en MA Voorligtingsielkunde (1982) buitemuurs aan die Universiteit van Pretoria behaal. Sy verhandeling handel oor die psigiese aspekte van studenteleierskap.

As student toon hy uitnemende leierskap, hy verwerf driemaal Duxerekleure en tweemaal die rektor se erepenning vir uitstaande leierskap. Hy is vir twee termyne (1979/80 en 1980/81) voorsitter van die Buitemuurse Studenteraad van UP, Hoofbestuurslid van die Afrikaanse Studentebond en adjunk-voorsitter van die Sentrale Studenteraad van Tukkies.

Vanaf 1979 tot 1981 word hy aangestel as Junior Dosent in die Departement Sielkunde aan die Universiteit van Pretoria. Na twee jaar as Hoof Opleidingsbeampte (Bestuursopleiding) by die Ingenieursmaatskappy Murray en Roberts, bevind hy hom vanaf 1983 tot 1989, eers as Lektor en later as Senior Lektor, weer by die Departement Sielkunde van UP. Vanaf 1985 tot 1989 is hy ook President van die Universiteit se swemklub en dien in 1988 as sekretaris van die Noord-Transvaal Amateur Swemunie.

Kokkie is die outeur en mede-outeur van verskeie wetenskaplike artikels. Hy spits hom veral toe op vyf velde van die Sielkunde (Mediese Sielkunde, Regssielkunde, Sportsielkunde, Sielkundige Meting en die Sielkunde van die leerproses). Hy tree in talle plaaslike, nasionale en internasionale simposia en konferensies as spreker op.

In 1989 word hy uitgenooi na Israel tydens die Maccabi-spele, waar hy 'n referaat oor die effek van 'n gimnasiumoefenprogram op mense se vatbaarheid vir siektes lewer. Hy is ook lid van 'n span deskundiges wat die voorbereiding van atlete op deelname aan die 1996 Olimpiese Spele monitor.

Tydens sy lektorjare ontwikkel hy 'n opleidingskursus in Leer- en studiemetodes vir hoëskoolleerlinge en studente waarmee hy al talle mense gehelp het om hul studievermoë te verbeter en beter op akademiese gebied te presteer.

Vir hom is prestasie binne 'n persoon se vermoë die belangrikste element vir 'n gebalanseerde lewe. "Soveel potensiaal gaan verlore omdat ons eerstens, nie weet wat ons potensiaal werklik is nie en tweedens, omdat volwassenes nie die kinders op die korrekte wyse kan (of wil) motiveer om hul potensiaal te verwesenlik nie.

'n Kind is soos 'n vrug aan 'n boom, hy sal op sy tyd ryp word en moet alleen gepluk word as hy ryp is, dan is hy 'n plesier. Pluk ons hom te vroeg is hy suur of gee ons goormaag — te laat is hy bitter en dalk verrot."

Kokkie is in 1971 getroud met Alta van Rensburg en hul kinders is: Lize (wat tans aan UP in die tale en Onderwys studeer), Johannes ('n Affie in st 9) en Frida (in st 3). Hy is tans ook Johannes (wat reeds sedert laerskool jaarliks provinsiale kleure in swem verwerf) se swemafrigter en het vanjaar begin om die skool se swemspan af te rig.

Sy besige praktyk en sportbelange laat hom nie veel tyd vir ander afleidings nie, tog doen hy graag houtwerk of peuter aan 'n motorenjin. In 1992 neem hy vir sportmangees deel aan die Noord-Transvaal Tweekampproewe en verwerf provinsiale kleure in dié sportsoort in die ouderdomsgroep 40 tot 49 jaar. Tussendeur speel hy ook saam met Johannes met dié se radiobeheerde modelvliegtuig.

Ten spyte van die feit dat hy glo dat daar, vandag veral, te veel klem gelê word op prestasie, glo hy dat prestasie belangrik is. 'n Prestasie wat behaal word sonder dat 'n mens dit geniet om die voorbereiding vir daardie prestasie te doen is egter nie die moeite werd nie.

Die bevrediging vir jou as mens lê nie in die prestasie op die ou end nie, maar in die mate van genot en plesier wat jy uit die voorbereiding haal. So moet dit dus vir jou lekker wees om te leer of te oefen in sport — dit maak die eindresultaat die moeite werd.




Foto: Coenie de Villiers

## *Bybel: 'n Radio?*

**Pierre Lombaard**

**Het jy geweet dat die Bybel 'n radio is?**

— 'n Radio moet elektrisiteit hê om te kan werk. Ons moet ook "elektrisiteit" hê: die krag van die Heilige Gees.

— Jou radio moet aangeskakel word, anders is dit nutteloos. Jou Bybel is nutteloos as jy nie daarin lees nie.

— Jy weet na watter stasie jy wil luister. Net so moet jy weet wat jy wil lees, en waar dit in die Bybel voorkom.

— Jou radio het twee "stereo" luidsprekers: jou Bybel het ook "stereo": 'n Ou en Nuwe Testament.

— Soos wat jou radio hoë en lae toonhoogtes het, is daar moeiliker en makliker stukke in die Bybel.

En dis soveel lekkerder om jou radio kliphard te luister!


# Goed begin, is half gewin


**Die spreekwoord: goed begin, is half gewin — kan verseker op die 1993 Matrikulante van toepassing gemaak word. Die manne is gedugte voorlopers en neem die leiding sodat Affies reeds die Geestrofee by die atletiek en sweminterhoërbyeenkomste ingepalm het.**

Om as die Interhoër atletiek seunsvoorlopers gekroon te word en om die atletiek Direkteurstrofee vir die derde agtereenvolgende jaar te wen wil gedoen word! En om Sasol te wen ...

Lou Hofmeyr dring ook met sy A+ vir Beste Afrikaans spreker deur na die finale rondte. Die standerd tien redenaarspan: Lou Hofmeyr, Kepler Geertsema, Cornel Stander en Pierre Lombaard het ook 'n A+ vir hul spanpoging behaal (midde in die eksamenstryd!)

Mag die "ou-manne" Affies tot nog groter hoogtes lei en mag die kroon op hul suksesse uitstekende akademiese prestasie aan die einde van hul skoolloopbaan wees.





*Einde Januarie was hierdie Affies reeds Noord-Transvaal en Suid-Afrikaanse kleureverwerwers in koor, krieket, sagtebal, judo, karate, onderwaterhokkie en tennis. Daar het reeds talle bygekom, soos die puik atletiekpresteerders.*


*(Kyk op p 11 vir prestasies.)*

*Noord-Transvaal Jeugkoor: Jan-Hendrik Beetge, John North, Philip van der Walt, Johan Roux en Quintin Harley.*

*Noord-Transvaal Jeugorkeslede: Chris en Johan van der Zee.*

## ● Musiekdinee

### *'n Spogaand...*



**Musikante groei tot 29 en speel viool, klassieke kitaar, klarinet, tromboon, klavier en trompet.**

Om laserskywe te bekom en talent bekend te stel word 'n musiekdinee aangebied. 'n Nuwe kultuurtradisie word op 12 Maart begin.




*Party werk en party slaap!*






## *Akademiese reuse!*



**Beeld: 18 Desember 1992 Foto: Phyllis Green**

*Van die 1992-matrikulante se akademiese toppresteerders deel in mekaar se vreugde. Anton Gildenhuys (sewe A's) het sy uitstekende prestasie by die see gevier. Jan-Hendrik Kruger is skouerhoog gelig nadat hy gehoor het hy het sewe A's verwerf. Ongekende vreugde ook vir Braam Naudé (ses A's), Claudius du Plooy, Paul Potgieter en Bertus Korb met hul vyf A's elk. Hierdie is maar 'n paar van die akademiese sterre wat weer eens bewys gelewer het dat die Affies gebalanseerde en veelsydige presteerders is. Van die 145 matrikulante het meer as negentig vakonderskeidings behaal.*

## *BRIEWE*

*Geagte Vriende*

**Donasies van Allerlei**

*Ons was verheug om so 'n wonderlike verskeidenheid geskenke en donasies van u seuns en hulle ouers te ontvang! Dit het soos Kersfees gevoel toe ons die sakke klere, toiletware, skryfbehoeftes, koekies, tennisrakette, speelgoed, ens. ens oopgemaak het, om maar net 'n paar van die items op te noem. U leerlinge het werklik hulle harte vir ons kinders oopgemaak en ons is opreg dankbaar daarvoor.*

*Dankie ook dat u seuns en personeellede self die moeite gedoen het om die donasies hier te kom aflewer, en tyd ingeruim het om 'n bietjie te gesels. 'n Spesiale woord van dank aan mev T Le Roux vir haar aansporing, deurvoering en vriendelikheid. Dit was 'n ware blyk van welwillendheid en liefde.*

*Vir ons kinders is dit kosbaar om te weet dat daar mense met deernis is wat omgee, en ons vertrou dat dit hulle sal help om ook eendag mense te wees wat vir hulle medemens omgee.*

*Nogmaals dankie vir u uitreiking en bereidwilligheid om van hulp te wees.*

*Vriendelik die uwe*
*Gary Westwood*
*(Hoof)*

**Geagte Redaksie**

*Ek wil 'n paar persone opreg bedank vir die positiewe bydrae wat gelewer is om die atletiekseisoen so suksesvol te maak:*

*° dr Edwards vir sy belangstelling en volgehoue ondersteuning;*
*° mnre Le Roux, Oosthuizen en Pieterse wie gehelp het met die organisatoriese take;*
*° die afrigters wat met hulle positiewe gesindheid en kundige afrigting ons atlete geslyp het;*
*° die atlete wie die meeste krediet verdien omdat hulle so hard geoefen het en soos ware Affies altyd hul beste gegee het;*
*° atlete se ouers vir hul opofferings en ondersteuning;*
*° onderwysers wie altyd positief was om as beamptes op te tree;*
*° en alle ander persone wie gehelp het en 'n positiewe bydrae gelewer het.*

*Affies-atletiek het beslis die beste atletiekseisoen nóg gehad en soos dr Edwards tereg na die Direkteursfinaal gesê het: "Dit is alles net genade".*

**— Affie-groete**
**Hennie Kotze**
**(Atletiekorganiseerder)**

## Redaksie '93

**REDAKTEUR: Richard Franklin**
**SPORTREDAKTEUR: Albert van Niekerk**
**KULTUURREDAKTEUR: Cornel Stander**
**VERSLAGGEWERS: Richard Butler, André van Vuuren, Rudolf Böhmer, Pierre Lombaard, Rudolf Botha, Arno Coetzee, Johan Cronje, Theo van Wyk, Christiaan van Dyk, Jaco van Niekerk en al die ander.**
**SPOTPRENTTEKENAARS: Tienie van Rooyen, Johan Storm, Andreas Laubscher.**
**FOTOGRAWE: Nicci Louw, Danie Bredenkamp, David Louw, Coenie de Villiers, Marcel Auret, Hendrik van den Bergh.**

# Koorkamp '93

— Elmien Kraamwinkel



**Vrydagmiddag, 26 Februarie het sowat 70 koor-Affies, vergesel van mev Krüger en mej Visser (alias Meisie) na Berg-en-Dal, die plaas van mnr en mev Botha, vertrek vir die jaarlikse koorkamp.**

Te midde van vele kooroefenings was daar oorgenoeg tyd vir 'n waatlemoenfees, 'n Chinese braai en die kampkonsert, wat altyd 'n hoogtepunt is. Vele aspirant-aktrises (en akteurs?) het hul eerste buiging gemaak as onder andere Romeo, Juliet en Dracula. Daar het egter ook vele uitstekende grimeerkunstenaars na vore getree toe onder andere Dolly Parton, Nana Mouskouri en Naas en Karin Botha (om nie eers van die ander Dracula te praat nie!) vir die beroemde persone-parade opgedaag het. Die voortreflike kos het heel moontlik bygedra tot die hoë energievlakke wat 'n laat Saterdagaand tot gevolg gehad het.

Behalwe vir 'n paar onwelkome muskiete wat teen alles bestand was, het die koor op 'n hoe (hopelik nootvaste) noot geëindig.



*Wenette Parton*

**Sien ons wedstryd op Bl. 8!**

# Trukbesoek

— Melanie Riding

**Maandag: 8 Februarie. Teen ongeveer pouse op hierdie gewoonlik bloue dag, het 'n geselskap van vier, afkomstig van TRUK, die Affie st neges en tiene kom vermaak.**

Miskien is vermaak nie die regte woord nie — dit was immers 'n opvoering van voorgeskrewe werke, maar dit was sonder twyfel wél gedaan.

Omdat groter grepe uit 'n kleiner verskeidenheid werke opgevoer is, het ons nie — soos dit al voorheen die geval was — gevoel of ons in 'n maalstroom beland nie. Die storie as geheel was vloeiend en verstaanbaar, al was sommige dele 'n effense verleentheid.

Interpretasies was in ooreenstemming met die wat ons in die klas raakgeloop het en dit het bygedra daartoe dat ons die opvoering terdeë geniet het.

Die detail wat die meeste van ons die beste sal onthou, is die oomblik toe een of ander TV-fanatikus besef het dat een van die vier akteurs — Romeo — 'n "Ballade vir 'n enkeling"-ster is!

Soos Therese gepas in haar bedanking gesê het: dit was lekkerste drie periodes na pouse op 'n Maandag wat ons nog ooit gehad het!



*Romeo en Juliet(?)*

# *Kultuurvrou van die Kwartaal:*

— Franél le Grange


**Stroom-op wens Therese Westhof graag geluk met haar onderskeiding as kultuurvrou van die kwartaal.**

Therese presteer op akademiese gebied, sy is lid van die leerlingraad en verskeie komitees en sy is ook 'n uitstekende redenaar. (Om nie eers te praat van 'n uiters gevatte Stroom-op joernalis nie! (DV)

Die volgende was volgens Therese hoogtepunte in 1992: sy was 'n speler in die Engelse toneel: "A different kind of woman", 'n deelnemer aan die Afrikaanseweek in Bloemfontein, en het die finale rondte van die Spraak- en Dramagilde se Beste Senior Tweetalige Sprekerkompetisie gehaal.

Haar span was die streekwenners in die Afrikaanse spanredenaars-afdeling. Therese was ook die Transvaalwenner in die Afrikaans Olimpiade. Sy sien alreeds uit na vanjaar se Afrikaansweek van 4-8 April. Nog 'n hoogtepunt was dat sy kon deelneem aan 'n kulturele uitruilskema van SADK na Duitsland in Desember verlede jaar.

Therese het 'n hele aantal mikpunte vir vanjaar. Sy het weer eens deurgedring tot die finaal van die beste Senior Tweetalige Spreker, Pretoriastreek; daar is die ATKB-redenaarskompetisie en Engels, Wiskunde en Wetenskap Olimpiade om te skryf.



'n Hoogtepunt is beslis die Matriekrevue — "om soos 'n feetjie te lyk is nogal 'n uitdaging!". Boonop wil sy ook haar bestuursderslisensie slaag. Verder strek Therese se belangstellingsveld van lees, teater — "Ek sal graag eendag by 'n amateur dramaklub wil aansluit" — en musiek — "Net nie Cora-Marie en Cupido nie!" — tot fotografie, Persiese (en ander) katte, honde, blomme en kleremaak.

Haar leuse: "Iets soos: 'Karring an, doen die beste wat jy kan!" Therese pak elke uitdaging vol entoesiasme aan. Sy het 'n hele rits ideale op die horison: "Na ek my graad verwerf het, sou ek wou verder studeer aan Oxford, 'n jaar in die buiteland werk en dan terugkom "to live happily ever after".

"Ek sou baie graag oorsee wou reis, die Verre Ooste ingesluit. Dit sal my nogal groot plesier verskaf om 'n politieke satire te skryf (onder 'n skuilnaam natuurlik) om 'n paar van ons politieke "steunpilare" oor die vingers te tik".

Ons wens Therese baie sterkte toe vir die uitdagings wat 1993 en die toekoms haar mag bied!



# Die skool se Verjaardag

— Marelie du Plessis

**Om te dink ons skool is net so oud as die meeste van ons se oumas! Tog is dit asof daar 'n ewigdurende jeug aan Meisieshoër kleef — aan haar rooi stoepe, haar klaskamers, die Bokkie voor die saal. Op 28 Januarie het Meisieshoër haar 73e verjaardag gevier.**

Ten tyde van die saalperiode is al die Affies deur mej Venter weer op 'n historiese reis deur 'n tydperk van 73 jaar geneem. So het die st sesse dan vir die eerste keer en die matrieks vir die laaste keer na die staaltjies uit die verskillende Affie-eras geluister.

Mej Venter het ons geneem vanaf genl Piet Joubert se huis, die vrouebetoging en die ontstaan van die Boerenooientjie, tot by 1993 en die nuwe model-C status. Die storie van mej Verster en die gesteelde toebroodjies het al opsigself 'n tradisionele verjaardagvertelling geword.

Die hele skool is hierna getrakteer op 'n ou wit-en-swart-film uit die argief. Ons het aanskou hoe jare terug se Affies 'n massagimnastrade hou en ons doodgelag vir die eienaardige sportrokkies. Selfs Seunshoër het aardig gelyk in hulle wit uitrustings. Wie weet, dalk lag ons kleinkinders eendag vir "die plastiekatletiekbroekies wat ouma gedra het".

Na die lang saalperiode het ons vinnig deur die res van die dag gedraf. Uiteindelik kon almal die laaste uur van die skool saam met Seunshoër partytjie op die hokkieveld hou. Daar is heerlik gesmul aan roomys, warmbrakke, sjokolade en lafende koeldranke — sommige meisies het tot met die seuns gesels!



# Tweetalige Redenaars:

— Wenette Jacobs

**Dit sou meer van pas wees om "redenaars" in die titel met "rekenaars" te vervang, want daarsonder het dit behoorlik kopkrap gekos. AHM het hulle egter, soos telkens in die verlede, uitstekend van hul taak gekwyt.**


Hoe gemaak as jy, 'n junior van die skool, jou moet uitlaat oor Benjamin Franklin se wysheid: "Daar was nog nooit 'n goeie oorlog of 'n slegte vrede nie"? Boonop geskied die woordewisseling in beide landstale (op hierdie stadium nog Afrikaans en Engels). Annerine Meyer, Carina Boshoff, Janine Rupping en Jinty Muller het as junior span hierdie uitdaging aanvaar.

Anne-Marie du Plessis, Annelese Kammer, Ria Potgieter en Liesl Kritzinger was die seniors wat nie geskroom het om hulle standpunt te stel oor Cicero se uitlating: "Ons is slawe van die reg, sodat ons vry kan wees" nie.

Die data tot hulle beskikking is verwerk en met mev Van Straaten agter die sleutelbord, is toesprake geformuleer.

Op 3 Maart het die redenaars Affies se leuse verwoord en hulleself oortref deur onderskeidelik 'n A+ en 'n A in die tweetalige afdeling van die redenaarskompetisie van die Spraak- en Dramagilde te behaal.

Baie geluk! Ek sien haar praat!





# Semi-finaliste vir kultuurvrou van die kwartaal




*"Dinner for one" se dinamiese duet.*




















HYLTON






















# Oor Koppe en Kuite ...




*Liezle Vlok: Netbalbene*




*Therese Westhof: Akademie-bene*




*Riëtte Laas: Hokkiebene;*





*Riëtte Botha: Musiekbene*




*Magdel Gerdener: Atletiekbene;*




*Reneé Greyvenstein: Tennisbene*





*Elmien Vorster: Dirigentbene*





*Linette Carstens: Koorbene*






*Marie-Louise du Toit: Modelbene*





*Christelle v Niekerk: Swembene*

























## KOMPETISIE!

**Tien goed-bebeende Affies is gevra om tien terreine van die gewone Affielewe te verteenwoordig. Hierdie tien Affies se foto's is opgesny in koppe en bene en is daarna geskommel. Die uitdaging is nou om die regte kop by die regte paar bene te pas, bv 1C of 4A. Die naam en tipe bene van die verteenwoordiger verskyn onder die kopfoto.**

**Enige Affie, (in Meisieshoër), mag deelneem. Inskrywingsvorms word so'gou as moontlik by mej Visser se klas (K19) ingehandig. Die eerste korrekte inskrywing wat getrek word, wen en sal vandag nog ná die erekleurefunksie bekend gemaak word. Pryse is op die spel!**

## Lady Liberty



## Stroomlangs

**Na vele versoeke het die Stroom-Op uiteindelik haar eie skinderkolom, Stroomlangs, gekry. Pas op! Dalk staan hier iets van jou ...**

● Spioene berig die Grant-faktor het 'n eienaardige uitwerking op Jacqueline se hoogspringprestasies... Volgens ons bronne spring haar hart hoër en haar bene laer...

● Ons hoor 'n sekere baie belangrike persoon in Seunshoor het 'n baie ondeunde fotobus-aanhanger op die skool se verjaardag gekry. Om die bus se identiteit te beskerm, sal ons nie Emrie de Wit se naam bekend maak nie ...

● Stroomlangsverspieders sê Affies moet die laataand-atletiek op TV dophou. Blykbaar hardloop 'n sekere uiters vinnige Affie in 'n uiters klein en "sexy" atletiekuitrusting rond. Ons sê nie wie is dit nie, ons sê net haar voorletters is MG ...

● Volgens Hannatjie de Lange, 'n prefek met 'n "attitude", het enige koerant slegs styl as háár foto daarin is ... Ons verwys jou graag na die fotoblad, Hannatjie!

● Indien iemand iewers 'n bril optel, gee dit asb vir Joannie van der Merwe, of vir Jan-Hendrik, haar persoonlike briloppasser.

● Mej Du Plooy, ons hoor van misterieuse hotelbesprekings!

## Feite of flaters?

**— Elmien Kraamwinkel**

**Vir die menigte st sesse was die Maandag van die st 6 toetsaflegging 'n gevreesde dag. Hulle was nie verniet bang nie.**

Hulle kennis van die skool sowel as van mej Venter is deeglik deur die prefekte getoets. Verskeie feite en flaters het uit die toetse na vore gekom.

Hulle het o.a. beweer dat Juffrou se naam Lydia, Livisa, Leana, Magdel of Lourise is! Haar hond, Boerneef, is beskryf as 'n koddige, bonkige Wolfhond met 'n warm persoonlikheid, wat kan blaf dat die berge dreun.

Oor wie die sieketrooster is, was daar heelwat verwarring. Tannie Dorey is as 'n moontlikheid genoem. Stroom-op het self deurgeloop. 'n Onkundige st 6 het beweer dat dit die eenrigtingtrappe van die skool is!

Gelukkig was daar so hier en daar 'n ligstraaltjie wat darem geweet het dat Juffrou se naam Louisa is, dat tannie Donna die sieketrooster en Stroom-op die skoolkoerant is!




## Die Bal is aan die rol

**— 'n Onseker matriek**

**Stroom-op het die volgende essay agter in 'n matriek se algebraboek gevind. As beskermers van ons taal en letterkunde, het die redaksie besluit om dit te publiseer en vir die nage(s)lag te bewaar.**

"Vrydag, 29 Januarie is die matriekbal." "Wat? Hoe nou? Dis onmoontlik! Ek ken nie een ou in Seunshoër wat ek kan vra nie. Nee wag, ek dink nou net: ek ken één ou — in st 8!"

Dit was maar net die begin van die jaarlikse matriekbalsage. Na vier jaar se standerdsosiale was dit heel ontstellend om agter te kom hoe min matriekseuns jy werklik ken.

Karaktersketse van broers, neefs, agterkleinneefs en ou familievriende is skielik uitgeruil. Toe kom die skok — dis 'n TOE bal, Liefie: jy MOET iemand uit Seunshoër vra. (Gelukkig is die datum intussen verander na 30 April.) Tot die prefekte- en hokkie-en-netbalfonds se voordeel, het matriekbywoning van sokkies drasties toegeneem. Dit help tog nie om iemand te vra wat nie kan dans nie — dan moet jy die hele aand met hom gesels!

Die "Groot Vra" (eintlik kan 'n mens dit die "Groot Vervies" noem) het reeds met Interhuis begin. Sekere vroulike matrieks het onder meer verneem dat sekere manlike matrieks "waglyste" begin opstel het. Met 'n nonchalante en erg onridderlike "ek-sal-jou-laat-weet", is menige meisie begroet.

Natuurlik was die dames nie beïndruk nie. Talle planne is beraam om die manne se guns te wen. Een van die oorspronklikstes was om hul swembad in 'n varswater-piranha-akwarium te omskep. (Dink net aan die aandoenlike toneeltjie van "getting closer to nature" wat hom in die LO-klas sou afspeel!)

Pouses is diep gesprekke gevoer oor die betekenis van die lewe, moontlike matriekbalrokke en of die film "A few good men" nog die aand van die 30e April sal wys.

Een voordeel van die bal is dat dit ons matrieks se avontuurlike sy kans tot volle ontwikkeling bied. Meer as een het besluit om 'n misterieuse vreemdeling te vra. In baie gevalle was die vreemdeling so misterieus dat die meisie eers na die "vra", sy van uitgevind het. ('n Sekere matriek en haar vriendinne val ook in hierdie groep.

Net enkele wenke aan voornemende matrieks: 1) Leer "two-step" voor 1 Januarie 1994. 2) In geval van nood: bou goeie kontakte op met Amasone-Indiane (die beste verskaffers van piranhas).

**(Word vervolg: Stroom-op, tweede kwartaal.)**

## *Flieks en Onnies*

Mev Jessen — "Annie"
Mej du Plooy — "In a League of her own"
Mev Brummer — "Gone with the wind"
Mev du Toit — "Ghost"
Mev E Kruger — "Baby Boom"
Mev Trosky — "Terminator 2"
Mev Muller — "Nuts"
Mev van Schalkwyk — "Dead Poets' Society"
Mej McLean — "Fried Green Tomatoes"
Mev M van Vuuren — "Pretty Woman"
Mej Geer — 'Young Einstein"
Mev van Straaten — "Tootsie"
Mev Oberholzer; mej (Biol) Kruger; mev Els; mev Pieterse — "Young Guns"
Mej Venter & Boerneef — "Turner & Hooch"
10B — "Basic Instinct"



*"Toe matrieks, julle is nie te groot nie!"*

# Standerd Sesse

— Q Harley



**Die bekommerde, senuweeagtige en bang standerd sesse het 'n nuwe fase van hulle lewens betree met hulle eerste dag by die grote Affies.**

Met 'n hol kol op die maag het hulle die poorte van die lewe betree, en dadelik is hulle (die "Midgets", "Ghatshighoebies" en "Pistons") van die laerskole, dwarsoor Suider-Afrika, ingespan om die muur van tradisie regop te hou!

Onder leiding van hulle meesters — die prefekte — is hierdie kannetjies in 'n strawwe oriënteringsprogram geslyp tot tradisiebewuste, trotse, maar nederige Affies, alhoewel hulle nog nie dié naam werd was nie. Hulle het eers verskrik saamgedrom, en elk hulself probeer red, waar hulle later geleer het dat dit beter is om saam te staan en saam te doen. Hulle het die handeklap en talle ander unieke tradisies aangeleer, legendes aangehoor, lesings oor die klubs van die skool en derglike sake ontvang en alles, saam met die "suffer", terdeë geniet!

Vrydagaand, 15 Januarie, was al wat 'n standerd ses is reg om op te ruk (en rol) na die meisieskool vir hulle eerste sokkie van hulle hoërskoolloopbaan. Met dié harde musiek en flitsende ligte kon hulle lekker lyf rondswaai en sommer ook ontslae raak van al hulle ontgroenings-"blues"! ("greens?")

Die hoogtepunt vir enige standerd ses is verseker die ontheffingsaand, Donderdag, 21 Januarie. "Dit is my ryding", was die tema van die aand en dié jong Affies het 'n reuse sukses daarvan gemaak. Daar was ook 'n paar individuele items wat gesorg het vir vermaak uit die boonste rakke.

Maar die gróót oomblik, waarop elke standerd ses gewag het, was die ontheffing, toe elke standerd ses deur sy prefek na die verhoog geroep is, en sy baadjie persoonlik deur die hoofseun, Richard Butler, vir hom aangetrek is. Nou is hulle Affies en het die toets deurstaan, nou is hulle ook menswaardig. Vir die eerste keer kon hulle as Affies die beroemde skoollied sing, die kreet skree en die "Affie-boys" uit volle bors sing.

Maar die Affies is nog nie heeltemal oor die toets onderwerp nie. Dag na dag, op pad na hulle matriekeindeksamen, sal hulle nog geskuur en geslyp word, soos al die Affies voor hulle geslyp is. Hulle sal geestelik verryk word, en selfs al gaan dit met harde bene kou gepaard sal hulle ook die hoogste sport bereik. Hulle sal hardebaard groei, en as volwasse individue die skoolbanke verlaat om die wêreld daarbuite te trotseer. Hulle is die toekoms van Affies en van Suid-Afrika...

*Laat daar lig wees! (Redaksioneel: 'n samestelling vanuit die oogpunt van: Jackie Kruger, Francois Cillie, Heinke Kriel en Nelus van Niekerk.)*

# so tussen deur...


* Michael was out in a boat with his friend JC and the boat sprang a leak at one end. Michael made a hole at the other end saying: "This all right so — this'll let it out"

* In enige land is daar mense wat moet sterf. Hulle is die opoffering wat enige name moet maak om wet en orde te bereik. — IDI AMIN.

* 'n Mooi Engelssprekende meisie aan dr Edwards: "If you are such a clever player, why do they call you a foolback?!"

* Voetganger: Iemand wat 'n motor besit, maar ook 'n seun in matriek het, wie nie 'n motor het nie.

*Die st 8 Engelse Rekenaarspan wen die spankompetisie. Hulle is: Amir Zarrabi, Jac Joubert, Jacques Malan en Andres Laubscher. Afrigter: mnr W Dyer.*



*Wat sal 'n mens nou sê?*

# Affie Treffersparade

* Michael en Anne-Marie: Too much love will kill you,
* Butler en Leani: Be my baby,
* Jaco Keyser: No limits,
* Wimpie en sy "gang": Wild Boys,
* Hoffman: I just can't get enough;
* Cassie: Mr Loverman,
* Didi vir Susan: I will always love you,
* Slomo: I'm to sexy (for my voice),
* Bussies: The Workoholic,
* Pierre Lombaard: Simply Red greatest hits.

# Crocodile Dundees




# Leerlinge en TV-programme

* Evert Groenewald: The Bushmater,
* Stipp: Vyfster,
* Pieter de Beer: Dinosaurs,
* Leon Kelder: Captain Planet,
* Michael Maritz: Beverly Hills 90210,
* RichardFranklin: Diagonal Street,
* JC Preller: Bohlokong le Lethabong,
* Slomo van Dyk: The Flash,
* Phillip en Danny Ying Zhi: Perfect Strangers,
* Arjan de Jong: Baasspeurder Faber,
* Jaco Keyser: Doctor Ruth,
* Corné Ackron: Major Dad,

# Onderwysers en Flieks

* Mev Le Roux: Buffy the vampire slayer,
* Mnr Myburgh Junior: The Sniper,
* Mnr Labuschagne: The Bodyguard,
* Mnr Pieterse: Mr Baseball,
* Mnr Prinsloo: Honeymoon in Vegas,






# Rugbyprogram

**Vriendskaplike wedstryde**

Sa, 20 Maart — Hugenote (Tuis)
Sa, 27 Maart — Middelburg Tegnies (Weg)
Woe, 31 Maart — AHS Rentmeester Rugbydag, Hans Moore — slegs o/15 A en Eerste span
Sa, 24 April — Grey Kollege (Weg)

**Ligawedstryde**

Wo, 28 April — Zwartkop (Weg) — Liga 1
Sa, 8 Mei — FH Odendaal (Tuis) — Liga 2 (Eerstespan proewe op Menlopark)
Sa, 15 Mei — Menlopark (Weg) — Liga 3
Di, 25 Mei — Verowerdburg (Weg) — Liga 4
Sa, 5 Junie — HTS Tuine (Tuis) — Liga 5
Sa, 12 Junie — Boys' High (Tuis) — Liga 6
Sa, 19 Junie — Waterkloof (Weg) — Liga 7

**Uitspeelwedstryde vir Noord-Transvaal en Direkteurstrofee**

Wo, 23 Junie — Uitspeelwedstryde — Eerstespan en o/15A.
Sa, 26 Junie — Bondedag — kwarteindrondte o/15.
Di, 29 Junie — Kwarteindrondte — Eerstespanne.
Sa, 7 Augustus — Halfeindrondte — N-Tvl.
Sa, 14 Augustus — Finaal — N-Tvl.
Sa, 21 Augustus — Kwarteindrondte — Direkteurstrofee.
Sa, 28 Augustus — Halfeindrondte — Direkteurstrofee.
Sa, 4 September — Finaal — Direkteurstrofee.

— **Rudolph Botha**

# Atletiek '93

— Karin Jordaan

**Affies se atletiek het hierdie jaar maar reënerig begin — Interhuis moes uitgestel word!**

Gelukkig is die spanne se gees nie daardeur gedemp nie en die byeenkoms was 'n reuse sukses. Dit het ons aangespoor om groot hoogtes die seisoen te bereik.

Ons het inderdaad groot hoogtes bereik. Die tuisbyeenkoms teen Brits was net die regte medisyne om ons veglus te laat opvlam — ons het hulle gelyk gemaak met die grond!

Ons het ook Roodepoort, Randburg, Potchefstroom, die Wilgers (sonder hulle "band") en Gerrit Maritz op nog twee byeenkomste verpletter.

Potchefstroom was net so 'n enetjie te veel vir ons en het ons goeie teenstand gebied. Ons het egter uit die foute wat ons daar gemaak het, geleer.

Interhoër het aangebreek. Met Dinsdag se wegloopsessie was ons maksimaal gemotiveer. Ons harte het egter in ons skoene gesak toe dit begin reën het. Dit het egter gou oorgewaai en die atletiek het hoogty gevier.

Die son het sy kop uitgesteek en die hoede is nader gesleep. Die toeskouers het hul kele hees geskreeu olv die Chinese rasieleiers. Alhoewel ons nie gewen het nie, was ons in ons skik met ons tweede plek. Dit gaan in elk geval oor die genot van die spel en nie die plek wat behaal word nie.

'n Volgende hoogtepunt was die Direkteurstrofee-finaal te Rustenburg. Dit was 'n snikhete dag en vroeg-vroeg het ons besef dat ons vandag sou moes werk om bo uit te kom. Regdeur die dag was ons, Waterkloof, Lichtenburg en Pietersburg kop aan kop — dit was duidelik dat die aflosse die finale uitslag sou bepaal.

Aan die einde van die dag het die beste skool gewen. Die uitslae het as volg daar uitgesien: Lichtenburg: 236; Pietersburg: 235; Waterkloof: 231; Affies: 178.


Op Dinsdag 9 Maart het die Sasoluitdunne plaasgevind en ons het weer eens deurgedring tot die finaal. Ons wens die Sasolspan alle sterkte toe en hoop dat alles voor die wind sal gaan!

Dit was inderdaad 'n wonderlike atletiekseisoen en ons hoop dat dit die res van die jaar net so goed met die ander sportsoorte sal gaan!





*Atlete (en redenaars) kom uit die beste families.*




**(FLORETTE X SABELS) + AHM = DIE SKERMKLUB**

— Wenette Jacobs

**Dink terug aan die era toe 'n ridder, sonder om te huiwer, met enigeen wat in sy slaai durf krap, 'n swaardgeveg aangeknoop het. Het jy gedink die dae is vir goed verby?**

AHM bewys weer die teendeel. Hierdie keer is daar egter net twee RADIKALE verskille wat uitgelig moet word: die swaardvegters is vroulik en hulle veg nie vir die eer van 'n beminde nie, maar vir hul skool.

Deur die swaard uit sy skede te trek, bemeester die vrou ook — soos telkens in die verlede — die manlike vegkuns. Dit is gewis nog 'n veer in die hoed vir die baanbrekersvroue wat deesdae op die "altyd manlike terreine" vooruitgang maak. Hoe van toepassing is dit nie om te sê: 'n vrou se hande staan vir niks verkeerd nie!

# Jean Els-Hoekie

**Aangesien ons in elke uitgawe van Stroom-op rede tot 'n lofsang oor Jean Els het, het ons besluit om van nou-af 'n permanente rubriek aan haar te wy. Sy verdien dit regtig!**

Jean se prestasies hierdie kwartaal: Noord-Transvaalse lewensreddingskampioenskappe: 5 goue medaljes en 3 N-Tvlse rekords.

Na aanleiding van bogenoemde prestasies is sy verkies tot die Noord-Transvaalse span in die dames ope afdeling wat aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe sal deelneem.

**Suid-Afrikaanse lewensreddingkampioenskappe:** 3 goue medaljes, 1 silwer medalje, 3 eerste plekke as lid van die aflosspanne (3 Suid-Afrikaanse rekords is ook in hierdie items gebreek).

Na aanleiding van hierdie prestasies is sy tot Victrix Ludorum op die SA's verkies. Sy word ook aangewys as lid van die senior internasionale span wat op 1 Mei teen die junior span te Bloemfontein sal meeding. Na afloop van hierdie byeenkoms sal die Springbokke gekies word wat in Julie aan die wêreldkampioenskappe in Holland sal deelneem. Die junior Springbokspan sal in Spanje gaan deelneem. Daar is 'n moontlikheid dat Jean vir beide spanne gekies kan word.

Jean, ons is weer eens sprakeloos! Ons hou styf duimvas vir jou!






# Swemmers hou Affies se naam hoog

— Annelet Jordaan

**Affies is nie net op die voorgrond wat atletiek betref nie. Die swemmers het hierdie jaar ook hulle ware kleure in die swembad gewys.**

Die swemspan het aan vier vriendskaplike galas deelgeneem en van die een gala na die volgende het die swemmers se tye voortdurend verbeter.

Christelle van Niekerk, die swemkaptein, is op grond van haar puik prestasies gekies om deel te neem aan die Noord-Transvaalse kampioenskappe waar sy 'n eerste plek in rugslag en 'n tweede plek in die individuele wisselslag behaal. Sy word gekies vir die Springbokproewe wat van 8 — 15 Maart plaasgevind het.

Die swemspan se onderkaptein, Jean Els, lewer ook prestasies van 'n hoë gehalte. Sy word gekies as Springbok in lewensredding en dwarsdeur die jaar verower sy goue medaljes in die meeste van haar items.

Nog 'n goeie verteenwoordiger van Affies in die swembad is Ushi Dahlman, wat 'n tweede plek in rugslag op die Noord-Transvaalkampioenskappe behaal.

Op 16 Maart het die Affie-swemmers in hulle nuwe blou en swart swemdrag deelgeneem aan die Interhoër-swemgala. Hier hou hulle weer eens Affies se naam hoog en eindig vyfde in die dogterskompetisie. Van die puik prestasies wat gelewer is, is deur Christelle van Niekerk wat 'n eerste plek in die 100 m borsslag en 100 m rugslag in die oop afdeling behaal, en ook 'n tweede plek in die individuele wisselslag. Ushi Dahlman verower ook 'n eerste plek in die 100 m rugslag. Nog Affie-swemmers wat hulle goed van hulle taak gekwyt het, was Annette Hartman, Andri Greeff en Nanette Viviers. Beide die o/16-aflosspan en die oop wisselslag-aflosspan behaal tweede plekke.

Baie geluk aan almal wat so flink in die water was — ons is trots op julle!



# Cornelia Wolmarans

— Ria Potgieter

**In 'n uiters kompeterende tenniswêreld maak Affies ook hulle merk. In Desember verlede jaar het Cornelia in Florida (Amerika!) gaan tennis speel. Sy het die Amerikaners gou gewys dat Suid-Afrikaners nie onderskat moet word nie.**

Sy het deelgeneem aan twee toernooie. In beide het sy in die ope afdeling se semi-finaal gespeel, asook in die plaat-enkelsfinaal. 'n Hoogtepunt was toe sy en haar dubbelsmaat, Ruzelle Scheepers die o/18 dubbelspel gewen het. Hulle was eerste gekeur en het in die finale rondte met 'n Japanse paar afgereken.

Hierna het sy 'n kursus gevolg by Nick Bolliterri (André Agassi se afrigter). Sy het daar meer geleer oor die tennissterre se gespesialiseerde kennis omtrent fiksheid en tegniek.

Noudat sy terug is, oefen sy harder as ooit om haar ideaal te kan verwesenlik. Saam met haar afrigter beplan sy om volgende jaar drie maande lank in die Virginia Slims Circuit te gaan speel. Sy wil uiteindelik graag 'n beroepspeelster wees.

Ons wens Cornelia alle sterkte toe! Ons kan met trots van haar sê: "Sy's tog 'n Affie! Sy's tog 'n Affie!"

# *Donderdag is Markdag!*



# Dirigente




**Verskeie mense het al gewonder of Affies nuwe haarreëls gekry het. Na 'n geheime lapa-operasie, lui gerugte dat 'n nuwe groep "haarloses" die skool bewandel.**

Daar is natuurlik 'n baie goeie verduideliking in hierdie rare verskynsel. Nee, dit is nie 'n groep Neo Nazi "skinheads" nie, alhoewel daar versoeke van sekere lede vir die inkerf van swastikas was. Inderwaarheid is dit Affies se 1993 Interhoërdirigente.

Onder leiding van Cassie "Slang" le Roux het gestaan: Hylton "Hitler" Cruse, Bussies "The Bunker" Bezuidenhout, Lourens "Burger Ranch" Crouse, Lou "Dagga is gagga" Hofmeyr, Johann "Shades" Swanepoel, Deon "Bloubloed XR" Kretschmar en JC "Pantula" Preller.

'n Versoek is deur hulle gerig (aangesien Revlon so lief is vir sjampoe met "Keratin Enricher" en "Conditioner" dat daar sjampoe met "Sunblock" op die mark gebring word.

Dat Affies absoluut alles gewen het, is al ou nuus. Daar is egter opgemerk dat daar van die dirigente en matrikulante was wat ná Interhoër in hul afwesigheid geskitter het. Daar is egter sprake dat hulle opgemerk is waar hull Affies se oorwinning op die ou tradisionele manier gevier het ...





# Direkteurstrofeefinaal Rustenburg 13 Maart 1993

**Die beste prestasies volgens die Sasoltabel**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1. Riaan Olckers | GS | o/16 | 15,92 m | 1065 |
| 2. Werner Booysen | 100 m H | o/15 | 13,58 sek | 1020 |
| 3. Martin vd Walt | 80 m H | o/14 | 12,01 sek | 980 |
| 4. Lourens Visser | 300 m H | o/16 | 40,25 sek | 950 |
| 5. Werner Booysen | 200 m H | 0/15 | 26,65 sek | 940 |
| 6. Lourens Visser | 100 m H | o/16 | 13,49 sek | 920 |
| 7. Francois Strydom | 1500 m | o/17 | 4.04,1 sek | 910 |
| 8. Graham Esterhuizen | 100 m | o/19 | 10,99 sek | 900 |
| 9. Graham Esterhuizen | 200 m | o/19 | 22,15 sek | 880 |
| 10. Theo van Wyk | 800 m | o/19 | 1.54,9 sek | 880 |
| 11. Werner Boshoff | 200 m | o/16 | 23,08 sek | 880 |
| 12. Johan Steenkamp | HS | o/15 | 1,80 m | 860 |
| 13. Martin van der Walt | VS | o/14 | 5,72 m | 850 |
| 14. Servaas Britz | 400 m | o/17 | 50,58 sek | 845 |
| 15. Werner Boshoff | 100 m | o/16 | 11,54 sek | 840 |
| 16. Dirkie Strydom | 200 m | o/17 | 22,91 sek | 840 |
| 17. Albert van Niekerk | SG | o/19 | 1,95 m | 835 |
| 18. Gerhardt Möller | 100 m | o/15 | 11,84 sek | 840 |
| 19. Hendré Geyser | HS | o/19 | 1,95 m | 835 |
| 20. Dirkie Strydom | VS | o/17 | 6,59 m | 835 |
| 21. Lourens Visser | HS | o/16 | 1,85 m | 835 |

Eerste plekke:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Johan Steenkamp | HS | o/15 | 1,80 m |
| Martin vd Walt | VS | o/14 | 5,72 m |
| Christiaan vd Watt | 800 | o/15 | 2.08,1 sek |
| Riaan Olckers | DG en GS | o/16 | 43,88 m en 15,92 m |
| Albert van Niekerk | SG | o/19 | 57,38 m |
| Hendré Geyser | HS | o/19 | 1,95 m |
| Dirkie Strydom | HS | o/17 | 1,90 m |
| Lourens Visser | 100 mH en 300 mH | o/16 | 13,49 en 40,25 sek |
| Francois Strydom | 1500 en 3000 m | o/17 | 4.04,1 en 9.19,5sek |
| Graham Esterhuizen | 100 en 200 m | o/19 | 10,99 en 22,15 sek |
| Theo van Wyk | 800 m | o/19 | 1.54,9 sek |
| Richard Butler | 1500 m | o/19 | 4.09,2 sek |


| Aantal plekke behaal: | 1993 | 1992 |
|---|---|---|
| 1ste | 18 | 14 |
| 2de | 7 | 7 |
| 3de | 12 | 12 |
| 4de | 10 | 8 |
| 5de | 4 | 11 |
| 6de | 4 | 6 |

# Sportsterre

**JUDO**

**Grant Esterhuizen** een van veertien genooide judokas na die Wêreld Ope Kampioenskappe vir kadet- en junior judokas in Desember in Frankryk. Hy spog met 'n tweede plek in die 0.78 kg-afdeling en 'n reuse trofee.

Grant het ook in stoei en muurbal Noord-Transvaalkleure verwerf. Daarbenewens is hy ook 'n goeie atleet en rugbyspeler.



**Igmon Bekker** is ook 'n Noord-Transvaal Judo kleurverwerwer.



**ONDERWATER-HOKKIE**

Die Noord-Transvaal Onderwaterhokkie se B-spanlede is: André du Plessis, Jean du Plessis en Van Zyl Alberts.

Die A-spanlede is dan ook gekies om einde Maart die Suid-Afrikaanse span in Australië te gaan verteenwoordig: Jaco Snyman en Tjaart Janse van Rensburg. Beide is ook lede van Tukkies se A-span.

**SWEM**

**Christoff van Rensburg** roem vir hom 'n plek oop in die Noord-Transvaal-span.



**Johannes Erasmus** is vir sy ouderdomsgroep in die internasionale span wat in Ladysmith, Johannesburg en Carletonville deelgeneem het, gekies. Hy behaal ook 'n vierde en tweede plek in die 200 m en 100 m borsslag op die Suid-Afrikaanse Junior Swemkampioenskappe.

As lid van die Noord-Transvaalspan sal hy aan die Suid-Afrikaanse Senior Nasionale Swemkampioenskappe deelneem omdat hy 'n Noord-Transvaal rekordhouer is. Hy is 'n vinnige "vis" in die water en 'n gerekende Affie in die Suid-Afrikaanse swemgeledere.



**KARATE**

**Edward Curry** het reeds vanaf st 4 'n swart gordel. Hy het 'n tweede plek op die Noord-Transvaal Karate-kampioenskappe in die gevegsafdeling behaal.




**TWEEKAMP**

**Amir Zarrabi** kom vierde op die Noord-Transvaal Tweekamp-kampioenskappe en is gekies vir die Noord-Transvaal Tweekampspan wat op 10 April aan die Suid-Afrikaanse Tweekampkampioenskappe gaan deelneem.


Carl Holding, Willem Roos en Hendrik Tryhou is ook Noord-Transvaal Tweekamp uitblinkers.

**Dale Abrams** ook sedert sy st 4-jaar 'n swart gordel karatemannetjie. Op die 1993 Noord-Transvaal Karate-kampioenskappe het hy 'n derde plek in die gevegsafdeling behaal.




**TENNIS**

**Christopher North** speel vir Noord-Transvaal Tennis: 1992/1993 Inter-provinsiale o/14-span en het na verskeie finale en semi-finale van die Nasionale toernooie deurgedring en verteenwoordig Noord-Transvaal in verskeie Interprovinsiale wedstryde.



**SKERM**

**Dawie Booysen** is 'n lid van die o/20 Noord-Transvaal Skermspan in die Sabel- en Epeé-afdelings. Hy kom in die Noord-Transvaal Skermkampioenskappe tweede in die Epeé-afdeling en derde in die Sabelafdeling.



**SKYFSKIET**

Riaan Boonzaaier en Leon Nel het Noord-Transvaalskyfskiet gekry.

teurstrofee kan wen, was op elke Affie se lippe. Om die spanning nog verder te vererger, word daar verder geen puntestand gegee nie, nie eens voor die aflosse nie. Almal wag in spanning.

'n Bietjie verwaand storm die Affies oudergewoonte op die veld en gaan sit in die middel van die veld.

"Die finale puntestand van die seuns. Die aflosse was bepalend. In die agste plek: Hoërskool Bergsig 107, Hoogenhout 136, Hugenote 169, Jeugland 181, Pietersburg 184, . Waterkloof 201 en... al die pad van ... Potchefstroom, Potch Gim met 226 en Affies wen die Direkteurstrofee vir die derde agtereenvolgende jaar met 251".

"Daar ruis uit Pretoria..." die res is 'n blywende herinnering.

"Dit was groter as die grootste oomblik wat ons ooit beleef het in ons atletiekloopbane" besluit 'n emosionele en baie verheugde, gewese boerbokke: Kotze en Le Roux.

Die Affie-toeskouers het weer eens hul skool se naam hoog gehou. Vroegoggend reeds het die reuse banier en vlae die boodskap duidelik uitgedra: die Affies is hier! Dwarsdeur die dag, selfs toe sake maar donker gelyk het,het hulle hul span uit volle bors aangemoedig. Vriend en vyand was verras. Selfs die Uitvoerende Direkteur, dr Paine, het opgemerk dat die Affie-toeskouers se gees 'n uitstaande kenmerk van die dag was. So iets belewe jy nie elke dag nie... Dat seuns meer as agt uur lank sing, dans en aanmoedig. En dan die dramatiese einde. Weer eens kom 'n stadion tot stilstand... as die Affies die skoollied sing. Waarlik, hulle het Affies se naam "tot ver oor ons wye Suid-Afrika" uitgedra.



*Shaldon en George Heuer en Steven Louw — Noord-Transvaal sagtebalspelers. Die Heuers is ook seniorspanlede.*

## — SA se top atletiekskool —

**Sasol**


**Van p 1**

Gimnasium 19420 (882 gem. per atleet); 3e Grey Kollege 19235 (874 gem. per atleet); 4e Zwartkop 19005 (863 gem. per atleet); 5e Paul Roos Gimnasium 18925 (860 gem. per atleet).

Die ander spanlede was. Graham Esterhuizen (100 en 200m O/19); Cornel Els (100 en 200m O/19); Ben Moodie (110 en 400m H O/19); Michael Maritz (Diskus O/19); Albert van Niekerk (Spiesgooi O/19); Richard Butler (800 en 1500m O/19); Theo van Wyk (400 en 800m O/19); Dirk Strydom (Driesprong en 200m O/17); Servaas Britz (200 en 400m O/17); Hennie Botha (400 en 800m O/15); Francois Strydom (1500 en 1500mHin O/17); Riaan Olckers (Gewigstoot en Diskus O/17); Christiaan van der Watt (400 en 800m O/15); Werner Booysen (100mH en 200mH O/15); Gerhardt Möller(100mH en 200mH O/15); Johan Steenkamp (Hoogspring en 100mH O/15).

# Krieket

— Rudolf Böhmer —




**Affies het vanjaar vir die eerste keer met die Engelse Skole in die krieketliga deelgeneem. Die o/15A- en eerste span het elk vyf wedstryde gespeel en onderskeidelik een en twee wedstryde verloor.**

Van dié spanlede neem aan die Nuffieldproewe deel: Du Toit Botes, Deon Strydom, Francois Viljoen en Danie Breedt. Nicolaas Alberts is gekies vir die O/15 Junior Springbok krieketspan waar hy hom puik van sy taak gekwyt het.

Die tweede en O/14A-span het beide een wedstryd teen Boys High gespeel. Krieket gaan beslis van krag tot krag.

Om die kroon op die krieketsukses te plaas is mnr Jan Visagie as Nuffieldspankeurder gekies, 'n prestasie op jare se sukses, insette en goeie afrigting op die krieketveld.




Terwyl ons eerste krieketspan op Saterdag, 16 Januarie 1993 op Potchefstroom gespeel het, het 'n oud-Affie span ook hul deel, teen 'n oud-Menloparkspan, op die krieketveld gedoen. Die oud-Affie span het bestaan uit Affies wat in 1987, 1989, 1990 en 1993 matrikuleer het. Menlopark het eerste gekof, en met hul telling op 14 lopies, het hul tiende paaltjie en die 23e boulbeurt geval.

Affies se beste boulers was Henry Windell en Michael de Jongh, wat elk 3 paaltjies geneem het. Affies kolf tweede en steek Menlopark se telling in die vyftiende boulbeurt verby.

Beste kolwers was Micheal de Jong met 39 lopies. Al was Ferdie Hartsenberg, 'n oud-Menloparker, die skeidsregter, het Affies nog steeds met 4 paaltjies gewen. Van ons huidige matrieks het Jacques le Roux en Rudolf Böhmer ook hul deel gedoen, en Pierre Ribbons is aangewys as die beste veldwagter van die dag.

# « Sportman Sportvrou» van die Kwartaal

## Graham Esterhuizen



— Albert van Niekerk

**Alhoewel Graham vir die meeste Affies bekend is as die "Wit Blits van Affies", presteer hy ook buitengewoon op ander sportgebiede. Behalwe atletiek is judo en rugby (en Trudie) die groot liefdes in sy lewe.**

Reeds aan die laerskool Du Preez van Wyk het Graham in die naellope uitgeblink. In sy vyf jaar as 'n Affie het hy jaarliks waardevolle punte tydens Interhoër ingeoes. Vanaf 1990 was hy dan ook lid van die Direkteurstrofee- en Sasolatletiekspanne.

In 1992 het hy Noord-Transvaalkleure in atletiek verwerf, en in 1993 is sy harde werk beloon toe hy as atletiekkaptein aangewys is. Onder sy leiding het Affies die derde agtereenvolgende jaar Interhoër en die gesogte Direkteurstrofee gewen.


Dit sal natuurlik wys wees om nie met Graham moeilikheid te soek nie. Behalwe dat jy nie vir hom sal kan weghardloop nie, sal jy probleme hê as hy jou kry! Hy het reeds verskeie kere op laerskool asook vanaf standerd ses Noord-Transvaalkleure in judo verwerf. In 1992 het hy Suid-Afrikaanse kleure verwerf deur 'n eerste plek in die O/78kg op die Suid-Afrikaanse Judokampioenskappe te behaal.

Graham is ook 'n kranige rugbyspeler, wat reeds van sy laerskooldae af vir die topspanne in sy ouderdomsgroep op die veld gedraf het. Verlede jaar het hy vir die tweede span gespeel.

Graham is darem nie net 'n sportman nie! Hy stel ook baie belang in rekenaars en dien op die ACSV-bestuur. Graham beoog om volgende jaar Biochemie aan die Universiteit van Pretoria te studeer. Stroom-op wens Graham sterkte toe vir die res van sy sportloopbaan.

(Na deeglike ondersoek het dit geblyk dat sy resep vir sukses daarin lê dat hy sy bene meer gereeld as sy baard skeer. - Red)

## Krieketster
### Nicolaas Alberts



**Nicolaas Alberts, die enigste Pretorianer wat vir die Suid-Afrikaanse onder 15-krieketspangekies is. Hierdie kranige krieketspeler speel ook vir Affies se eerste krieketspan.**

Hierdie veertienjarige standerd sewe Affie spog ook met provinsiale kleure in tennis en 'n A-gemiddeld op akademiese gebied.

Verlede jaar is hy vir die Noord-Transvaalse skole tennisspan gekies, maar moes onttrek toe hy en nege ander jong spelers na Italië en Denemarke getoer het om teen oorsese spelers te oefen. In st 5 is hy ook gekies vir die interprovinsiale tennisspan en die SA Skole Tennisspan.

Nicolaas het verlede jaar in 'n wedstryd ses paaltjies vir slegs 15 lopies in agt boulbeurte platgetrek. Reeds op laerskool het hy al ses paaltjies vir slegs 2 lopies laat kantel. In 'n Perm-krieketweek het hy 'n reuse 76 lopies vir Noord-Transvaal teen die Westelike Provinsie aangeteken.

## Noord-Transvaal Atlete

**Die volgende atlete behaal die uitsonderlike prestasie om gekies te word vir die N Tvl junior Atletiekspan wat gaan deelneem aan die Suid-Afrikaanse Junior atletiek Kampioenskappe op 4 en 5 April te Germiston!**

Francois Strydom, Dirkie Strydom, Albert van Niekerk, Richard Butler, Heinie Geldenhuys, Johan Aucamp, Riaan Olckers en Phillipus Spies.

Die volgende atlete wen medaljes op die Noord-Transvaal Junior Atletiekkampioenskappe:

**Goud:** Dirkie Strydom (DS o/17), Martin vd Walt (VS en 80m H o/14), Francois Strydom (1 500m Hin o/17), Johan Aucamp (PS o/17), Werner Booysen (200mH o/15), Reichardt Snyman (800m o/14), Riaan Olckers (GS o/17), Christiaan van der Walt (400m en 800m o/15).

**Silver:** Francois Strydom (3 000m o/17), Richard Butler (800m o/19), Heinie Geldenhuis (PS o/17), Albert van Niekerk (SG o/19).

**Brons:** Elardus Erasmus (PS o/17), Philipus Spies (PS o/19), JP van der Walt (PS o/19).




## Die "Blou Blitse"

— Marelie du Plessis

**Ons "Blou Blits" o/19-aflosspan het al berug geword by al wat 'n atletiekbaan is! Hulle wen nie net elke keer met myle nie, maar hulle is seker ook die span wat die beste in blou "tights" lyk. (Alhoewel daar eers altyd 'n stryery is of hulle dit gaan aantrek of nie! Volgens hulle is hulle "... glad nie goed gebou nie ..." Nou ja, óns sê maar liewers niks nie!)**


Riëtte Laas spring weg in die aflos. Sy is ook 'n kranige verspringer en 'n vurige hokkiespeler. Riëtte is al van st 8 in die eerste hokkiespan en het al Noord-Transvaalse kleure daarvoor verwerf. Sy wil graag volgende jaar vir die hele 1994 op 'n kibboets in Israel gaan bly.

Riëtte gee die stok aan Magdel Gerdener oor. Magdel is 'n uitstekende 200m, 400m en 400m hekkiesatleet. Magdel het verlede jaar Noord-Transvaalkleure vir atletiek verwerf. Sy is ook 'n hokkiespeler en is ál van st 7 'n lid van die koor. Magdel wil haar volgende jaar in 'n mediese rigting by Tukkies begewe.

Die stok word nou aan Jacqueline van Eeden oorgegee. Jacqueline is 'n uitstekende hoogspringer met 'n beste hoogte van 1,8m wat haar 'n Sasolpunt van 975 besorg, gekry. Jacqueline het verlede jaar Noord-Transvaalkleure vir hoogspring gekry. Jacqueline is nog onseker oor haar planne vir volgende jaar.

Jacqueline gee die stok aan Linette Carstens oor wat wenpaal toe hardloop. Linette is 'n ongelooflike verspringer en hekkiesatleet. Haar beste verspringafstand is 5,60m — 870 Sasolpunte werd. Sy het ook Noord-Transvaalse kleure vir atletiek verwerf. Linette was verlede jaar lid van die eerste netbalspan en van st 9 af 'n lid van die koor. Linette wil volgende jaar oogkunde by RAU of Tukkies gaan studeer.

Nou kan 'n mens verstaan hoekom dié span so vinnig is! Hul tyd op Interhoër was 48,2 sek-954 Sasolpunte! Hierdie "Blou Blitse" sal dus as 'n span vanjaar erekleure vir atletiek kry. Affies is voorwaar trots op hulle!




**ANTHIA**
**(Vanaf bl. 1)**

gaan Anthia baie mis en ons wens haar baie sterkte en spoed toe op hierdie onbekende pad!

*Dis 1 April! Geniet die vakansie!*

## Christelle van Niekerk



— Marga v d Merwe

**Christelle van Niekerk is Affies se beste swemster en kapteine van ons swemspan.**

Stroom-op het 'n onderhoud met haar gevoer.

**Wanneer het jy begin belangstel in swem?**

Ek het in graad een al begin met swemlesse, maar ek het eers in st vier regtig ernstig begin oefen.

**Watter prestasies het jy in Bloemfontein behaal?**

Ek het OVS-kleure verwerf.

**Julle het vyf jaar gelede Pretoria toe verhuis. Het jy ook Noord-Transvaalkleure verwerf?**

Ja, ek is nog elke jaar wat ek hier bly gekies om vir Noord-Transvaal te swem. Ek is ook al 'n hele paar keer vir die Noord-Transvaal skolespan gekies wat aan die skolekampioenskappe deelneem.

**So van SA's gepraat: jy was van 8-13 Maart op die SA-kampioenskappe. Dit was ook nie die eerste keer dat jy daar deelgeneem het nie, nie waar nie?**

Nee, dit is die derde jaar wat ek genooi is.

**Watter prestasies het jy daar behaal?**

Ek het aan die 400m individuele wisselslag deelgeneem en ook aan die 200m rugslag. In die wisselslag was ek onder die eerste vyftien en in die rugslag was ek agtiende. Ek het egter al my tye verbeter, wat al die harde werk, vroeg opstaan en opoffering die moeite werd maak.

**Wat is jou toekomsideale?**

Volgende jaar wil ek B Comm (Bemarking) op Stellenbosch gaan studeer. Ek is baie lief vir swem en as my studies dit toelaat, sal ek beslis daarmee aanhou.

Stroom-op wens Christelle alles van die beste toe en hoop om nog baie van haar te hoor in die jare wat voorlê.

## Swem



Kassie le Roux (hoofdirigent) en Hylton Cruse met die Geestrofee wat deur Affies gewen is.

Die swemspan het op hul tweede deelname aan die A-bond Interhoërgala van 'n vyfde na 'n derde plek gestyg.

Affies eindig ook derde in die Top Tien Gala. Die swemspan het talle eerste plekke behaal en weer die Affies se agting verdien.



*Ushi Dahlman, Christelle van Niekerk en Andri Greeff.*

Typographically prepared by Wentzel Coetzer Printers, Tel 327505, and printed by **The Pretoria News** (Pty) Ltd, 216 Vermeulen Street, Pretoria. Tel 3255382.